

NAMA KHOI MUNISIPALITEIT NOTULE

SPESIALE RAADSVERGADERING

DATUM: MAANDAG, 29 JUNIE 2020

PLEK: CONCORDIA GEMEENSKAPSAAL

TYD: 14h00

SAKELYS SPESIALE RAADSVERGADERING: 29 JUNIE 2020

ITEM NR	ONDERWERP	BLS NR
SRVS037/06/2020	Presensielys	1
SRVS038/06/2020	Opening, verwelkoming en konstituering van vergadering	1
SRVS039/06/2020	Mededelings deur die Speaker	1
SRVS040/06/2020	Mededelings deur die Burgemeester	1
SRVS041/06/2020	Aanvaarding van sakelys	1
	SAKE VIR BESPREKING	
SRVS042/06/2020	COVID-19 Aansuiweringsbegroting	1
SRVS043/06/2020	Konsep Geïntegreerde Ontwikkelingsplan 2020/2021	1
SRVS044/06/2020	Konsep Begroting 2020/2021	1
SRVS045/06/2020	Konsep beleide 2020/2021	2
SRVS046/06/2020	Organogram 2020/2021	2
SRVS047/06/2020	Oudit Komitee verslag	2
SRVS048/06/2020	MPAC verslag	2

NAMA KHOI MUNISIPALITEIT

NOTULE VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING GEHOU VOLGENS COVID 19 TUSSENTYDSE MAATREËLS OP MAANDAG, 29 JUNIE 2020 OM 14H00 IN DIE GEMEENSKAPSAAL, CONCORDIA.

SRVN037/06/2020

Presensielys

Raadslede: CV Petersen (Voorsitter) (elektronies)

RJ Cloete S Kleinbooi WS Jordaan GY Pieters DA Markus CE Gertze YL van Zyl CG Coetzee P van Reenen R Kritzinger ZP de Jongh SH Ruiter GJ Coetzee

LL Vries (elektronies) JE van den Heever

Amptenare: SA Tatas (Munisipale Bestuurder)

HE Cloete (Waarnemende Hoof Finansiële Beampte)

JS Cloete (Hoof: Tegniese Dienste)

RC Hartley (Waarnemende Hoof: Gemeenskapsdienste)
DC Magerman (Waarnemende Hoof: Korporatiewe Dienste)

AM Jansen (Interne Oudit) J van Zyl (Sekretariaat)

Voorsitter – Oudit Komitee: FE van den Heever

SRVN038/06/2020

Opening, verwelkoming en konstituering van vergadering

Raadslid P van Reenen open die vergadering met gebed. Die Voorsitter heet almal teenwoordig, welkom. 'n Spesiale woord van verwelkoming aan mnr FE van den Heever, die Voorsitter van die Oudit Komitee. Die vergadering word as wettig gekonstitueerd verklaar.

SRVN039/06/2020

Mededelings deur die Speaker

Die Speaker se mededelings is as volg:

- 1. Die Speaker is tans besig met die riglyne vir infassering van raadslede tot hulle voltydse werksverpligtinge.
- 2. 'n Whatsapp groep sal ook oopgemaak word slegs vir raadslede, sodat hulle van tyd tot tyd met mekaar kan praat.

VIR KENNISNAME.

SRVN040/06/2020

Mededelings deur die Burgemeester

Die Burgemeester hou sy 100 dae verslag voor aan die Raad. Die verslag sal uit die kantoor van die Burgemeester aan alle Raadslede voorsien word, sodat hulle kan sien wat binne die eerste 100 dae vanaf sy verkiesing as Burgemeester, by Nama Khoi Munisipaliteit gebeur het.

Twee belangrike dele van die verslag is die visie en die missie.

Vision

"To proudly deliver a sustainable and climate resilient quality services to the entire Nama Khoi Municipality."

Mission

"To deliver outstanding services to the community and to stimulate economic development in the region with the focus on a previously disadvantage."

VIR KENNISNAME.

SRVN041/06/2020 Aanvaarding van Sakelys

Die voorsitter reël dat Mnr FE van den Heever as voorsitter van die Interne Oudit Komitee die geleentheid gegun word om sy verslag eerste te aan die raad voor te hou sodat hy verskoon kan word indien hy ander verpligtinge moet bywoon.

Die sakelys met die wysiging van die voorsitter word aanvaar op voorstel van Raadslid GY Pieters, gesekondeer deur Raadslid JE van den Heever.

SAKE VIR BESPREKING

SRVN047/06/2020 Oudit Komitee

- 2de kwartaal verslag eindigende 31 Desember 2019
- 3de kwartaal verslag eindigende 31 Maart 2020
- Notule: 25 Februarie 2020

Die Voorsitter van die Oudit Komitee hou aan die Raad voor die tweede kwartaal soos geëindig op 31 Desember 2019, asook die derde kwartaal geëindig op 31 Maart 2020, vir aanvaarding.

Die Oudit Komitee het nie 'n vergadering in die tweede kwartaal gehad nie as gevolg van vele probleme. Nama Khoi Munisipaliteit se Interne Oudit en die Oudit Komitee is een van die aktiefste in die streek. Die Oudit Komitee bedank die munisipaliteit daarvoor. Op 28 Novembeer 2019 het die Oudit Komitee saam met die Burgemeester en die Administrasie besoek gebring aan die oorhandiging van die Ouditeur-Generaal in Upington. In Desember 2019 het mnr Rootman namens die Oudit Komitee die vergadering in Springbok bygewoon om die eerste kwartaal verslag aan die Raad voor te hou.

Die Oudit Komitee het meer aktiwiteite in die derde kwartaal gehad. Mnr Gert Maarman se termyn as lid van die Oudit Komitee het op 19 Junie 2020 geëindig.

Die Namakwa Distriksmunisipaliteit is besig om die vakature te vul en sal hopelik iewers 'n nuwe lid op die Oudit Komitee hê. Op die oomblik sal die afwesigheid van een lid nie die komitee affekteer nie, omdat die komitee uit drie lede bestaan.

Die eerste vergadering het plaasgevind op 25 Februarie 2020. Die Voorsitter wys die volgende uit:

- "employee cost" wat op 41% was op daardie stadium.
- Uitdagings met MSCOA
- Die kultuur van nie-betaling in gemeenskappe.

Indien die munisipaliteit 'n regte aksie wil doen, moet 'n totaal nuwe manier gevind word om die munisipaliteit reg te ruk.

Prestasie Bestuur moet eskaleer na die laer groepe binne die munisipaliteit en nie net vir Senior Bestuur nie. Dit raak oudit bevindinge deur die Ouditeur-Generaal.

Die feit dat die munisipaliteit tot dusver nog nie 'n stelsel het om Prestasie Bestuur te doen nie as gevolg van die feit dat die munisipaliteit vir PWC uitgehaal het en R-data ingebring het.

Risiko Bestuur – Daar is te veel risikos geïdentifiseer wat hulpbronne van die munisipaliteit gaan nodig hê. Die munisipaliteit het nie die tipe geld om aan te wend nie.

Die Oudit Komitee is ingenome met die werk wat hulle kry vanaf die Interne Oudit. Die Komitee se versoek is dat die Raad die twee kwartaalverslae, asook die notule van die Oudit Komitee vergadering wat plaasgevind het op 25 Februarie 2020 sal aanvaar.

Insette deur Raadslede

- Trend van "revenue collection" die Administrasie was versoek om 'n verslag oor debiteure oudit wat twee jaar uitstaande is, aan die Raad voor te hou. Die doel van die oefening was om "dooie" skuld uit te wys
- Nama Khoi Munisipaliteit is saam met vyf distrikte in die Noord-Kaap deur die Premier aangewys om te werk na 'n skoon oudit.
- Invorderings: As daar gekyk word na die invorderings die laaste twee maande, kan dit toegeskryf word as gevolg van COVID-19, maar dis ook as gevolg van rekeninge wat nie betyds na die verbruikers gestuur word nie. Mense het hul geld teruggehou as gevolg daarvan. Daar kan gekyk word na in "aansporings" waar rente miskien afgeskryf kan word vir mense wat bereid is om hul rekeninge te betaal. Tesourie moet kyk daarna om sekere uitwysings van die Oudit Komitee aan te spreek.
- Prestasie Bestuur soos uitgewys deur die Oudit Komitee, is 'n staande punt wat herhaaldelik uitgelig is. Daar moet daadwerklik 'n verandering kom sodat laer groepe ook gemeet word en nie net die Senior Bestuur nie.
- 41% Vergadering het plaasgevind met Georganiseerde Arbeid (unies).
 114 poste is vakant op die organogram. Die indruk moet nie geskep word dat daar soveel poste is wat gevul kan word nie. Die munisipaliteit moet besnoei.
- Die dokumente kan as 'n begin punt saam met KPI's vir die Chartered Accountant gegee word om na sekere areas te kyk.
- Kredietbeheer beleid moet toegepas word.
- Die feit dat werknemers op die onkostes van die munisipaliteit opgelei was as Voorsittende Beamptes en Aanklaers ten einde by dissiplinere sake op te tree en nou weier om hierdie verpligtingtinge na te kom, was duidelik uitgewys en moet daar daadwerklik optree word.

BESLUIT

DAT DIE VERSLAE VAN DIE TWEEDE KWARTAAL GEËINDIG 31 DESEMBER 2019, DERDE KWARTAAL GEËINDIG 31 MAART 2020, ASOOK DIE NOTULE VAN DIE OUDIT KOMITEE VAN 25 FEBRUAIE 2020, AANVAAR WORD.

VOORSTELLER: RAADSLID GY PIETERS SEKONDANT: RAADSLID ZP DE JONGH

SRVN042/06/2020

COVID-19 aansuiweringsbegroting

Die Waarnemende Hoof Finansiële Beampte het op 'n maandelikse basis die COVID-19 aansuiweringsbegroting aan die Uitvoerende Komitee voorgehou. Die Komitee het dit deeglik bespreek en aanbeveel dat die Raad die COVID-19 aansuiweringsbegroting moet goedkeur.

Die Munisipale Bestuurder lig die Raad in dat die R7.1 miljoen toekenning vanaf die Regering in 'n hersiene begroting ingebring moet word. Dit is nie deel van hierdie begroting nie, aangesien die munisipaliteit eers op Donderdag, 25 Junie 2020 meegedeel is van die toekenning. Die Raad moet weer binne 30 dae oorweging skenk aan 'n hersiene begroting om die R7.1 miljoen in te bring. Daar word ook nog gewag op die twee derdes van die COVID-19 toekenning wat die munisipaliteit ook gekry het. Daar sal dus weer 'n begroting voor die einde van Julie 2020 aan die Raad voorgelê moet word.

BESLUIT

DAT DIE AANBEVELING VAN DIE UITVOERENDE KOMITEE AANVAAR WORD AS BESLUIT VAN DIE RAAD, NAAMLIK DAT DIE COVID-19 AANSUIWERINGSBEGROTING GOEDGEKEUR WORD.

VOORSTELLER: RAADSLID ZP DE JONGH SEKONDANT: RAADSLID GY PIETERS

SRVN043/06/2020

Geïntegreerde Ontwikkelingsplan 2020/2021

BESLUIT

DAT DIE GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN VIR DIE 2020/2021 FINANSIËLE JAAR GOEDGEKEUR WORD.

VOORSTELLER: RAADSLID WS JORDAAN SEKONDANT: RAADSLID GY PIETERS

SRVN044/06/2020

Finale Begroting 2020/2021- 2022/2023

Die Burgemeester hou die *aangehegte* begrotingsrede voor aan die Raad.

BESLUIT

- 1. DAT DIE BEGROTING VIR DIE 2020/2021 FINANSIËLE JAAR GOEDGEKEUR WORD.
- 2. DAT DIE FINANSIËLE HERSTEL PLAN GOEDGEKEUR WORD EN BINNE DIE VOLGENDE WEEK AAN RAADSLEDE BESKIKBAAR GESTEL WORD.

VOORSTELLER: RAADSLID WS JORDAAN SEKONDANT: RAADSLID GY PIETERS

SRVN045/06/2020 Beleide 2020/2021

Die *aangehegte* lys van beleide word aan die Raad voorgelê vir goedkeuring.

BESLUIT

DAT DIE BELEIDE SOOS GEWYSIG, ASOOK NUWE BELEIDE VIR DIE 2020/2021 FINANSIËLE JAAR GOEDGEKEUR WORD.

VOORSTELLER: RAADSLID R KRITZINGER SEKONDANT: RAADSLID ZP DE JONGH

SRVN046/06/2020

Organogram 2020/2021

Die gewysigde organogram vir die 2020/2021 finansiële jaar word aan die Raad voorgelê vir aanvaarding.

BESLUIT

DAT DIE ORGANOGRAM MET WYSIGINGS AANVAAR WORD, MET DIEN VERSTANE DAT DIT 'N WERKSDOKUMENT IS EN VERANDERINGS NOG STEEDS AANGEBRING KAN WORD.

VOORSTELLER: RAADSLID GY PIETERS SEKONDANT: RAADSLID DA MARKUS

SRVN048/06/2020 MPAC verslag

Die Voorsitter hou die *aangehegte* verslag voor aan die Raad.

BESLUIT

DAT DIE VERSOEK VAN MPAC TOEGESTAAN WORD OM VAN DIE DISTRIK SHARED SERVICE GEBRUIK TE MAAK (DIE ADMINISTRATIEWE GEDEELTE OM NAVORSING TE DOEN).

VOORSTELLER: RAADSLID GY PIETERS SEKONDANT: RAADSLID WS JORDAAN

Die Voorsitter bedank almal vir die geleentheid om 'n goeie en suksesvolle vergadering kon hê. Hy vra dat elkeen moet kyk na sy/haar veiligheid deur die protokol van COVID-19 te handhaaf.

Vergadering verdaag.

VOORSITTER/SPEAKER VAN DIE RAAD